**Zelda Barends***

Geletterdheid, ’n basiese mensereg, word gedefinieer as die eienskap van geletterd wees. Om dit eenvoudig te stel, dit verwys na die vermoë om te lees en te skryf. Ongelukkig geniet slegs sekere mense in ons land die voorreg om toerreikend te kan lees en skryf. Ons kan spekuleer oor waarom die geletterdheidskrisis voortduur, wie of wat daarvoor verantwoordelikheid moet neem, en wie dit moet aanspreek.

Om mekaar te blameer en uit te kryt gaan egter nie die probleem oplos nie. Ons vertrekpunt in ons poging om die voortslepende geletterdheidskrisis aan te spreek, moet wees om die ingewikkeldhede en wetenskap van wat dit behels om te leer lees en skryf, te verstaan. Om antwoorde op basiese vrae te vind soos of ons regtig verstaan wat dit beteken om om te leer lees en watter grondslag iemand nodig het om hierdie vaardigheid aan te leer, is ’n goeie vertrekpunt wanneer ons ingrypings beplan om kinders se geletterdheidsvaardighede te verbeter.

Ons begaan soms die fout om te dink dat dit ’n natuurlike proses is om te leer lees. Dit is nie. Hierdie proses hang af van wat in ’n kind se vroeë ontwikkelingsjare gebeur. Ons reis na geletterdheidsontwikkeling begin baie vroeg en lê die grondslag om te leer lees en skryf. Hoe meer kinders van taal en geletterdheid weet voordat hulle die formele skoolstelsel betree, hoe beter toegerus is hulle om suksesvol te kan lees.

Kom ons weer maar eerlik: Dit is nogal ’n uitdagende proses om te leer lees. Om vaardige lesers te kweek, moet ons verstaan wat dit beteken om te leer lees en watter grondslag nodig is vir enigeen om suksesvol te leer lees. As ons dit verstaan, sal dit moontlik wees om swak leeswerk vroeg genoeg te identifiseer en om ons onderrig daarvolgens aan te pas ten einde die probleem op ’n sistematiese en eksplisiete manier aan te spreek.

Kom ons gebruik ’n dag soos Internasionale Geletterdheidsdag (8 September) om hierdie uitdaging aan te pak terwyl ons voortgaan om bewustheid en besorgdheid oor geletterdheidsprobleme wat nasionaal én internasionaal bestaan, te skep.

Lees **hier** verder wat ***dr Zelda Barends, dosent en leier van die Grondslagfaseprogram in die departement Kurrikulumstudie aan die Universiteit Stellenbosch,** oor die kwessie te sê het.